

# PREVATHON<sup>®</sup> 5 SC

## SOUTH AFRICA

Registration Number L9150 Act No. 36 of 1947

## NAMIBIA

Registration Number N-AR 1757

## BOTSWANA

Registration Number W130933

## MALAWI

Registration Number MW/PCB/2018/0908

A suspension concentrate stomach and contact insecticide for the control of fall armyworm in maize, sweet corn and sorghum, potato tuber moth, potato leaf miner, fall armyworm and tomato leaf miner moth in potatoes; tomato semi-looper, African bollworm and tomato leaf miner moth in tomatoes; tomato leaf miner moth in eggplant, tomato leaf miner moth in tobacco and Africa bollworm in barley, canola, oats en wheat.

## SUID AFRIKA

Registrasie nommer L9150 Wet Nr. 36 van 1947

## NAMIBIË

Registrasie nommer N-AR 1757

## BOTSWANA

Registrasie nommer W130933

## MALAWI

Registrasie Nommer MW/PCB/2018/0908

'n Suspensie konsentraat maag en kontak insekdoder vir die beheer van herfs kommandowurm in mielies, suikermielies en sorghum, artappelmot, aartappel bladmyner, herfs kommandowurm en tamatie bladmyner mot in aartappels; tamatievalslandmeter, Afrika bolwurm en tamatie bladmyner mot in tamaties; tamatie bladmyner mot in eiervrug, tamatie bladmyner mot in tabak en Afrika bolwurm in canola, gars, hawer en koring.

**INSECTICIDE GROUP CODE 28 INSEKODER GROEP KODE**

## ACTIVE INGREDIENT

chlorantraniliprole  
(anthranilic diamide)

51.7 g/l

## AKTIEWE BESTANDDEEL

chlorantraniliprool  
(antraniliese diamied)

Net Volume

100 mL, 250 mL, 500 mL, 1 L, & 3 L

Netto Volume

## REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:

FMC Chemicals (Pty) Ltd  
Co. Reg. No.: 1988/001451/07  
P O Box / Posbus 44  
Postnet Menlyn  
Waterkloof Glen  
0181

**For any emergency or poisoning  
contact:  
Griffon Poison Information Centre  
(24 hrs)  
+27-(0)-82-446-8946**

BATCH NUMBER

DATE MANUFACTURED


LOTNOMMER

DATUM VERVAARDIG

**UN No. / VN Nr. 3082**



Copyright © FMC, All rights reserved. ® is a trademark of FMC Corporation or an affiliate.

## **WAARSKUWINGS:**

### **ONTHOUDINGPERIODES:**

- Die volgende minimum aantal dae (onthoudingperiode) moet verloop tussen laaste toediening en oes:

<b>Canola</b> .....	<b>1 dag</b>
<b>Eiervrug</b> .....	<b>1 dag</b>
<b>Gars</b> .....	<b>1 dag</b>
<b>Hawer</b> .....	<b>1 dag</b>
<b>Koring</b> .....	<b>1 dag</b>
<b>Mielies</b> .....	<b>7 dae</b>
<b>Sorghum</b> .....	<b>7 dae</b>
<b>Suikermielies</b> .....	<b>14 dae</b>
<b>Tamaties</b> .....	<b>1 dag</b>
<b>Tabak</b> .....	<b>28 dae</b>

- Hanteer versigtig.
- Dit is onwaarskynlik dat hierdie produk skadelik sal wees wanneer ingeasem word of deur velkontak.
- Hierdie produk is giftig vir waterlewendende ongewerwede diere.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Berg weg van voedsel en voer in die geslote, ge-etiketeerde oorspronklike houër by 'n temperatuur van nie hoër as 25°C nie.
- Die gebruik van hierdie produk anders as op die etiket aangedui kan aanleiding gee tot hoë residue of ander ongewenste resultate.

### **HERBETREDING:**

- Moet nie die behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

### **VOORSORGMATREËLS:**

- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Moet nie behandelde gebiede binnegaan alvorens die spuitstof afgedroog het nie.
- Alle persone in direkte kontak met die insekdoder moet beskermende klere dra (langmouhemp, langbroek, skoene met kouse en handskoene).
- Was uself na toediening van die produk.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Indien die produk in kontak kom met die oë, was onmiddellik met baie water.
- Indien ingeneem ontbied 'n geneesheer of kontak 'n vergiftigings sentrum.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging voordat hande en gesig gewas is nie.

- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- **MOET NIE DIREK TOEDIEN OP, OF TOELAAT DAT ANDER GEWASSE ANDERS AS OP DIE ETIKET AANGEDUI, WEIDING, RIVIERE, DAMME OF GEBIEDE NIE ONDER BEHANDELING BESOEDEL WORD NIE.**
- Hierdie produk is giftig vir sywurms. Moenie toelaat dat die produknewels in sywurm produksie areas of moerbeï boorde inwaai nie. Om skade te vermy, moet produk versigtig gebruik word in gebiede waar nie-teiken spesies teenwoordig mag wees.
- Maak toediener skoon na gebruik en raak ontslae van waswater waar dit nie gewasse, weiding of water kan besoedel nie.
- Spoel die leë houer driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitenk voordat die houer vernietig word.
- Vernietig die leë houer deur gate in te kap en plat te druk, en moet dit vir geen ander doel hergebruik nie.

### **NOODHULP MAATREËLS:**

#### ***Algemene advies:***

Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie.

#### ***inaseming:***

Geen gevaar wat spesiale noodhulp vereis nie. Raadpleeg 'n dokter ná beduidende blootstelling.

#### ***Velkontak:***

Geen gevaar wat spesiale noodhulp vereis nie. As dit op die vel kom, spoel goed af met water. Was besoedelde klere voor hergebruik.

#### ***Oogkontak:***

Hou oog oop en spoel stadig en liggies met water vir 15-20 minute. Indien oog irritasie voortduur, raadpleeg 'n spesialis.

#### ***Inname:***

Geen gevaar wat spesiale noodhulp vereis nie. Raadpleeg 'n geneesheer indien nodig.

### **WEERSTAND VERKLARING:**

**PREVATHON® 5 SC** bevat chlorantraniliproof, 'n groep 28 insekdoder, gebaseer op die internasionale IRAC \* Wyse van werking klassifikasie. Herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van **PREVATHON® 5 SC** of ander Groep 28 Insekdoders kan weerstandbiedende insekbevolkings skep.

Volg hierdie aanbevelings om die ontwikkeling van weerstand teen insekdoders soos **PREVATHON® 5 SC** te voorkom of te vertraag:

Moet nie hoër dosisse van **PREVATHON® 5 SC** as die aanbeveel per seisoen vir enige gewas gebruik nie. Verwys na "Gebruiksaanwysings" vir die bepaalde riglyne per gewas.

Wend **PREVATHON® 5 SC** of ander Groep 28 insekdoders met behulp van 'n "venster" benadering toe om die blootstelling van verskeie opeenvolgende plaaggeslagte aan dieselfde wyse van werkings aksie te vermy. 'n Venster word gedefinieer as die tydperk van nawerking van insekdoders van dieselfde wyse van werking binne 'n geskatte 30 dae.

Twee opeenvolgende toedienings van **PREVATHON® 5 SC** kan binne 'n behandelingsvenster nuwe groei beskerm of hoë plaagbevolkings beheer.

Na 'n venster gebruik met **PREVATHON® 5 SC** of ander Groep 28 insekdoders wissel na 'n effektiewe insekdoder met 'n ander wyse van werking.

Die periode tussen groep 28 behandelingsvensters behoort ten minste 60 dae te wees, beginnende van die laaste behandeling van groep 28 insekdoders.

Inkorporeer IPM praktyke (kulturele en biologiese beheer) in die plaagbeheerprogram.

Monitor insekbevolkings vir die verlies van veld doeltreffendheid.

Teiken die mees sensitiewe lewenstadium van die plaag, gewoonlik jong larwes.

As probleme met beheer ervaar word, en weerstand is 'n redelike oorsaak, raadpleeg onmiddelik die plaaslike FMC verteenwoordiger of landboukundige adviseur vir die beste alternatiewe metode van beheer vir die area.

\* IRAC - Weerstand teen insekdoders Aksie Komitee. Vir meer inligting oor insekweerstand besoek die web by <http://www.illac-online.org>.

### **ALGEMENE INLIGTING:**

**PREVATHON® 5 SC** beskik oor 'n unieke werkingsmeganisme deur aan die ryanodien reseptore van insekte te bind en die bogenoemde reseptore te aktiveer. Hierdie aktivering stimuleer die loslating en uitputting van kalsium vanuit die interne stoorplekke van spiere, wat lei tot verswakte spier regulering, verlamming en die uiteindelijke dood van die insek. Dood van die plaag vind binne 2-3 dae plaas, maar inhibisie van insekbeweging en voeding vind vinnig plaas.

**PREVATHON® 5 SC** is aktief as 'n larfdoder deur inname (maagaksie) en deur kutikulêre absorpsie (kontakaksie).

**PREVATHON® 5 SC** beheer hoofsaaklik Lepidoptera insekplae, maar beheer ook sommige insekplae in ander Ordes bv. Coleoptera, Diptera ens. Daar is bewys dat **PREVATHON® 5 SC** toedienings betekenisvolle populasies van baie voordelige insekte (predatore, parasitoiede en bestuiwers) asook predatoriese myte agterlaat en kan dus effektief in Geïntegreerde Plaagbeheer programme gebruik word.

### **REËNVASTHEID:**

**PREVATHON® 5 SC** het goeie reënvastheid wanneer blootgestel aan reën of sprinkelbesproeiing en die verwagte oorblywende aktiwiteit van die produk sal nie nadelig beïnvloed word nie.

### **BEPERKING VAN DIE WINDVERSPREIDING VAN SPUITNEWEL:**

Spesiale sorg moet toegepas word om die waai van spuitnewel buite die doelgebied te vermy, veral na damme, waterweë of slote. Die aanwending van groter druppels verminder wegdryf potensiaal, maar dit sal nie kontaminasie verhoed as toedienings onder ongunstige omgewingstoestande gemaak word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die toediener om te bepaal of omgewingstoestande gunstig is vir 'n toediening sodat spuitnewel verspreiding deur wind nie sal plaasvind nie.

### **GEBRUIKSAANWYSINGS:**

### **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

#### **VERENIGBAARHEID:**

Die tenkmengsel verenigbaarheid van **PREVATHON® 5 SC** is nog nie volledig ondersoek nie.

**PREVATHON® 5 SC** is verenigbaar met **Tanos®** (Reg. Nr. L6564 Wet Nr. 36 van 1947), **Trend® 90** (Reg. Nr. L8207 Wet Nr. 36 van 1947), **H & R Crop Oil** (Reg. Nr. L6802 Wet Nr. 36 van 1947), **Villa 51** (Reg. Nr. L8050 Wet Nr. 36 van 1947), **Break-Thru** (Reg. Nr. L6764 Wet Nr. 36 van 1947), **Entrée** (Reg. Nr. L8055 Wet Nr. 36 van 1947) & **Bladbuff 7** (Reg. Nr. L8121, Wet Nr. 36 van 1947) & **Bladbuff 12** (Reg. Nr. L8201, Wet Nr. 36 van 1947).

*Raadpleeg die etikette van die bogenoemde produkte vir volle besonderhede.*

Vir meer inligting aangaande verenigbaarheid kontak u naaste **FMC** verteenwoordiger.

Daar word aanbeveel dat gebruikers eers 'n klein hoeveelheid van die verlangde tenkmengsel met **PREVATHON® 5 SC** opmaak en kyk vir enige ongewenste veranderinge (afsaksels, vlokkulasie, ens.). Vermy tenkmengsels met verskeie produkte.

### **TENKMENGSEL VERMENGING:**

Spuittoerusting moet skoon en vry van ander plaagdoder neerslae wees voor **PREVATHON® 5 SC** toegedien word. Maak die spuittenk  $\frac{1}{4}$  tot  $\frac{1}{2}$  vol met skoon water. Voeg die verlangde hoeveelheid **PREVATHON® 5 SC** direk in die spuittenk en vul op met water terwyl aanhoudend geroer word.

### **TENKMENGSEL VOLGORDE:**

Voeg verskillende formuleringstipes tot die mengsel soos hieronder aangedui. Laat tyd toe vir volledige vermenging en verspreiding na die byvoeging van elke produk.

1. Water oplosbare sak.
2. Water disperseerbare korrels byvoorbeeld Tanos®
3. Benatbare poeiers.
4. **PREVATHON® 5 SC** en ander water-gebaseerde suspensie konsentrate.
5. Water-oplosbare konsentrate.
6. Olie gebaseerde suspensie konsentrate.
7. Emulgeerbare konsentrate.
8. Adjuvante, surfaktante, olies.
9. Oplosbare kunsmis.
10. Wegdryf vertragers.

\* Tensy anders vermeld deur die vervaardiger gebruiksaanwysings of deur plaaslike ervaring.

### **MAKSIMUM**

### **RESIDUVLAKKE:**

Maksimum residuvlakke (MRL) en toleransies vir die Invoer van gewasse behandel met **PREVATHON® 5 SC** kan dalk nog nie bepaal wees in sommige lande nie. Raadpleeg jou uitvoerder of plaaslike verspreider voor die toediening van **PREVATHON® 5 SC** op gewasse wat vir uitvoer bestem is.

### **TOEDIENING:**

#### **Grond Toedienings:**

**PREVATHON® 5 SC** moet op 'n wyse toegedien word wat verseker dat die produk in die wortelsone beland.

**PREVATHON® 5 SC** moet in die wortelsone wees om effektiewe beheer van die teiken peste te verseker.

**PREVATHON® 5 SC** is die mees doeltreffende wanneer dit in die wortelsone is - bestuur dus besproeiing sodanig dat beduidende hoeveelhede **PREVATHON® 5 SC** in die wortelsone beland waar dit die mees doeltreffendste is.

#### **Uitplant water behandeling:**

Saailinge moet voldoende natgemaak word voor uitplant. Dien 'n minimum van 50 ml behandelings oplossing toe tydens uitplant van saailinge. Verseker water volume is genoeg om die wortelsone deeglik te benat. Verwys na die weerstandsverklaring van hierdie etiket vir verdere leiding oor opvolg behandelings.

#### **Blaartoedienings:**

Dien **PREVATHON® 5 SC** as 'n volle dekbespuiting met konvensionele spuittoerusting toe, wat korrek gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas en die korrekte dosis per hektaar te verkry. In tamaties kan **PREVATHON® 5 SC** beide as 'n hoë volume volle dekbespuiting of as 'n

verlaagde volume newelblaser toediening in minimum 500 liter spuitmengsel per hektaar toegedien word.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>AARTAPPELS:</b> Aartappelmot (larwes) <i>Phthorimaea operculella</i></p>	<p><b>LOOFTOEDIENING:</b> 400m<sup>3</sup>/ha</p>	<p><b>VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING:</b> Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe in 500-1000 l water per hektaar. Verseker deeglike bedekking van alle bogrondse dele. Dien toe met die eerste teken van infestasië (myne) op die blare of wanneer die aartappelmotte waargeneem word. Die aanwesigheid van hierdie motte is gewoonlik 'n aanduiding dat 'n infestasië op hande is. Die tyd van opvolgtoedienings behoort op grond van gereelde inspeksie van die betrokke aartappelplante te vind. <b>PREVATHON® 5 SC</b> kan in 'n 8 tot 14 dae spuitprogram onder toestande van aanhoudende herinfestasië gebruik word. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer plante aktief groei. Dit is noodsaaklik om nie 3 toedienings per seisoen met <b>PREVATHON® 5 SC</b> te oorskry nie, insluitend toedienings teen aartappelbladmyner (sien hierna). Die afwisseling van <b>PREVATHON® 5 SC</b> met middels met 'n verskillende wyse van werking bv. <b>STEWART® 150 EC</b> word aanbeveel. Dien 2 toedienings <b>PREVATHON® 5 SC</b> opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes oorgegaan word. <b>PREVATHON® 5 SC</b> sal ook Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) larwes beheer. Raadpleeg aanbevelings vir die korrektiewe beheer van Afrika bolwurm in tamaties op hierdie etiket. Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur <b>PREVATHON® 5 SC</b> toedienings benadeel word nie. Erd plantrye minstens twee keer per seisoen op. Laat toedienings van <b>PREVATHON® 5 SC</b>, wanneer plante terugsterf sal nie goeie beheer van aartappelmotlarwes gee nie. <b>Die byvoeging van 'n byvoegmiddel bv. Trend 90 Villa 51, H&amp;R Crop Oil of Break-Thru teen geregistreerde toedieningshoeveelhede word aanbeveel om bedekking te verbeter.</b> <b>Aartappels kan enige tyd na toediening van PREVATHON® ge-oes word.</b> Vir maksimum <b>PREVATHON® 5 SC</b> toegedien per seisoen in aartappels sien aartappelbladmyner aanbevelings op hierdie etiket.</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>AARTAPPELS: (vervolg)</b></p> <p>Aartappelbladmyner (larwes) <i>Liriomyza huidobrensis</i></p> <p>Tamatie bladmyner mot (larwes) <i>Tuta absoluta</i></p> <p>Herfs kommandowurm <i>Spodoptera frugiperda</i></p>	<p><b>LOOFTOEDIENING:</b> 600-800mℓ/ha</p>	<p><b>VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING:</b> Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe in 500-1000 ℓ water per hektaar. Verseker deeglike bedekking van alle bogrondse dele. Dien die hoër dosis van <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe wanneer vroeg onder hoë plaag druk toegedien word. Dien die laer dosis van <b>PREVATHON® 5 SC</b> in opvolgende toedienings toe wanneer in 'n gereelde 7 dae spuitprogram toegedien word.</p> <p><b>BLADMYNERS:</b> Dien toe met die eerste teken van steekmerke (die eerste simptome) op die blare (gewoonlik die onderste blare) waargeneem word.</p> <p><b>KOMMANDOWURMS:</b> Begin toedienings by die eerste teken van infestasië en skade wanneer wurms kleiner as 1 cm op 5% van die plante gevind word.</p> <p><b>Toedienings word nie aanbeveel vir die beheer van wurms (larwes) groter as 1 cm nie. Wurms (larwes) wat reeds in die stam of moere ingetonnél het sal nie beheer word nie.</b></p> <p><b>PREVATHON® 5 SC</b> moet in 'n 7 dae spuitinterval spuitprogram onder toestande van aanhoudende herinfestasië gebruik word. Dit is noodsaaklik om nie 3 toedienings per seisoen met <b>PREVATHON® 5 SC</b> te oorskry nie. Die afwisseling van <b>PREVATHON® 5 SC</b> met middels met 'n verskillende wyse van werking word aanbeveel. Dien 2 toedienings <b>PREVATHON® 5 SC</b> opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes oorgegaan word.</p> <p><b>PREVATHON® 5 SC</b> sal ook Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) larwes beheer. Raadpleeg aanbevelings vir die korrektiewe beheer van Afrika bolwurm in tamaties op hierdie etiket.</p> <p>Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur <b>PREVATHON® 5 SC</b> toedienings benadeel word nie.</p> <p><b>Die byvoeging van 'n benattingsmiddel bv. Trend® 90 Villa, H&amp;R Crop Oil of Break-Thru teen geregistreerde toedieningshoeveelhede word aanbeveel om bedekking te verbeter.</b></p> <p><b>Aartappels kan enige tyd na toediening van PREVATHON® 5 SC ge-oes word.</b></p> <p><b>Moet nie 'n maksimum van 2400 mℓ/ha PREVATHON® 5 SC in totaliteit per seisoen in aartappels oorskry nie.</b></p>

<p><b>CANOLA:</b></p> <p>Afrika bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>600 ml/ha</p>	<p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe aan die begin van die besmetting wanneer die eerste bolwurm eiers, of klein larwes, waargeneem word.</p> <p>Onder toestande van herbesmetting kan 'n tweede toediening van <b>PREVATHON® 5 SC</b> 7 dae later toegedien word.</p> <p>Moenie 2 toedienings per seisoen in totaal van <b>PREVATHON® 5 SC</b> oorskry nie.</p> <p>Die afwisseling van <b>PREVATHON® 5 SC</b> met produkte wat 'n ander wyse van werking het (bv. <b>STEWARD® 150 EC</b> of <b>STEWARD®</b>) word aanbeveel.</p> <p>Laat 1 dag toe tussen laaste <b>PREVATHON® 5 SC</b> bespuiting en oes.</p> <p>Die noodregistrasie vir Canola vir die beheer van Afrika Bolwurm is gebaseer op beperkte en / of beperkte data en ervaring op doeltreffendheid en gewasveiligheid. Daarom is die gebruik op die uitsluitlike risiko en verantwoordelikheid van die toediener. Toediener word sterk aangeraai om 'n klein area te bespuit voordat dit op groot skaal en / of groot gebied gebruik word.</p>
<p><b>EIERVRUG:</b></p> <p>Tamatie bladmyner mot (larwes) <i>Tuta absoluta</i></p> <p><b>NOTA:</b> Tamatie bladmyner mot (<i>Tuta absoluta</i>) is 'n pes wat baie skade aanrig. Die hoof gasheer is tamaties en dit kan potensieel in al die Suid Afrikaanse produksieareas voorkom.</p>	<p><b>LOOF-TOEDIENING:</b> 80mℓ/hL</p> <p><b>OF</b></p> <p>(800mℓ/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)</p>	<p><b>Vroeë KORREKTIEWE TOEDIENING:</b></p> <p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe in 500-1500 ℓ water per hektaar. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieel.</p> <p>Vir verlaagde spuitvolume gekonsentreerde toedienings met newelblaser dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> teen 'n dosis van 800 mℓ/ha in 'n minimum spuitvolume van 500 ℓ spuitmengsel per hektaar toe.</p> <p>Om die beste blaar en vrug beskerming te verseker, dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe gedurende eierlegging of wanneer die eerste skade op die jong blare opgemerk word.</p> <p><b>Sien asb belangrike notas onder.</b></p>

**BELANGRIKE NOTAS VIR DIE BEHEER VAN TAMATIE BLADMYNER MOT LARWES IN EIERVRUG:**

- Gereelde inspeksie van eiervrug lande is noodsaaklik ten einde die tydsberekening van die eerste, asook opvolgtoedienings, indien nodig, van **PREVATHON® 5 SC** vas te stel.
- **PREVATHON® 5 SC** kan in 'n 7 dae spuitprogram gebruik word onder toestande van aanhoudende herinfestasië.
- Dit is belangrik om nie 3 toedienings per seisoen met **PREVATHON® 5 SC** te oorskry nie. Die afwisseling van **PREVATHON® 5 SC** met middels met 'n verskillende wyse van werking (bv. **STEWARD® 150 EC**) word aanbeveel. Dien 2 toedienings **STEWARD®** opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes (bv. **STEWARD® 150 EC**) oorgegaan word.
- Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur **PREVATHON® 5 SC** benadeel word nie.
- Die byvoeging van 'n benattingsmiddel bv. **Trend® 90**, **Villa 51**, of **Entree teen 50 mℓ/100 ℓ** spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.
- **Eiervrug kan een dag na toediening ge-oes word.**
- **Moet nie 'n maksimum van 2400 mℓ/ha PREVATHON® 5 SC in totaliteit per seisoen in eiervrug oorskry nie.**



GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>GARS &amp; HAWER:</b></p> <p>Afrika bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>600 ml/ha</p>	<p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe aan die begin van die besmetting wanneer die eerste bolwurm eiers, of klein larwes, waargeneem word.</p> <p>Onder toestande van herbesmetting kan 'n tweede toediening van <b>PREVATHON® 5 SC</b> 7 dae later toegedien word.</p> <p>Moenie 2 toedienings per seisoen in totaal van <b>PREVATHON® 5 SC</b> oorskry nie.</p> <p>Die afwisseling van <b>PREVATHON® 5 SC</b> met produkte wat 'n ander wyse van werking het (bv. <b>STEWARD® 150 EC</b> of <b>STEWARD®</b>) word aanbeveel.</p> <p>Laat 1 dag toe tussen laaste <b>PREVATHON® 5 SC</b> bespuiting en oes.</p> <p>Die noodregistrasie vir Gars &amp; Hawer vir die beheer van Afrika Bolwurm is gebaseer op beperkte en / of beperkte data en ervaring op doeltreffendheid en gewasveiligheid. Daarom is die gebruik op die uitsluitlike risiko en verantwoordelikheid van die toediener. Toedieners word sterk aangeraai om 'n klein area te bespuit voordat dit op groot skaal en / of groot gebied gebruik word.</p>
<p><b>KORING:</b></p> <p>Afrika bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>600 ml/ha</p>	<p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe aan die begin van die besmetting wanneer die eerste bolwurm eiers, of klein larwes, waargeneem word.</p> <p>Onder toestande van herbesmetting kan 'n tweede toediening van <b>PREVATHON® 5 SC</b> 7 dae later toegedien word.</p> <p>Moenie 2 toedienings per seisoen in totaal van <b>PREVATHON® 5 SC</b> oorskry nie.</p> <p>Die afwisseling van <b>PREVATHON® 5 SC</b> met produkte wat 'n ander wyse van werking het (bv. <b>STEWARD® 150 EC</b> of <b>STEWARD®</b>) word aanbeveel.</p> <p>Laat 1 dag toe tussen laaste <b>PREVATHON® 5 SC</b> bespuiting en oes.</p> <p>Die noodregistrasie vir Koring vir die beheer van Afrika Bolwurm is gebaseer op beperkte en / of beperkte data en ervaring op doeltreffendheid en gewasveiligheid. Daarom is die gebruik op die uitsluitlike risiko en verantwoordelikheid van die toediener. Toedieners word sterk aangeraai om 'n klein area te bespuit voordat dit op groot skaal en / of groot gebied gebruik word.</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>MIELIES &amp; SUIKERMIELIES:</b></p> <p>Herfs kommandowurm (larwes) (<i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p><b>BLAAR-BESPUITING (GROND):</b></p> <p>600 ml/ha</p>	<p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> in 'n volume van 450 L water per hektaar toe.</p> <p>Begin toedienings by die eerste teken van infestasië en skade wanneer wurms kleiner as 1 cm in 5% van die plante gevind word.</p> <p><b>Toedienings word nie aanbeveel vir die beheer van wurms (larwes) groter as 1 cm nie.</b></p> <p>Gebruik 14 dae intervalle tussen behandelings.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>PREVATHON® 5 SC</b> toedienings per seisoen maak nie.</p> <p>Die afwisseling van <b>PREVATHON® 5 SC</b> met produkte met 'n ander wyse van werking (bv <b>STEWARD® 150 EC</b>) word aanbeveel.</p> <p>Die byvoeging van 'n geskikte geregistreerde benatter teen geregistreerde dosisse, mag die effektiwiteit van <b>PREVATHON® 5 SC</b> verbeter.</p> <p>Laat 7 dae toe tussen laaste <b>PREVATHON® 5 SC</b> toediening en oes.</p>
<p><b><u>BELANGRIKE NOTAS VAN TOEPASSING OP HERFS KOMMANDOWURM BEHEER MET PREVATHON® 5 SC IN MIELIES:</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Begin toedienings by die eerste teken van infestasië en skade wanneer wurms (larwes) kleiner as 1 cm in 5% van die plante gevind word.</li> <li>• <b>Toedienings word nie aanbeveel vir die beheer van wurms (larwes) groter as 1 cm nie.</b></li> <li>• NB: Toedienings moet gemaak word voor die larwes in die koppe van die mielieplante inmigreer. Larwes wat reeds diep in die baard is of wat reeds in die koppe inmigreer het sal nie beheer word nie.</li> </ul>		
<p><b>SORGHUM:</b></p> <p>Herfs kommandowurm (Larwes) (<i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p><b>BLAAR-BESPUITING (GROND):</b></p> <p>600 ml/ha</p>	<p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> in 'n volume van 250-400 L water per hektaar toe.</p> <p>Begin toedienings by die eerste teken van infestasië en skade wanneer wurms (larwes) kleiner as 1 cm in 5% van die plante gevind word.</p> <p><b>Toedienings word nie aanbeveel vir die beheer van wurms (larwes) groter as 1 cm nie.</b></p> <p>Gebruik 14 dae intervalle tussen behandelings.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>PREVATHON® 5 SC</b> toedienings per seisoen maak nie.</p> <p>Die afwisseling van <b>PREVATHON® 5 SC</b> met produkte met 'n ander wyse van werking (bv <b>STEWARD® 150 EC</b>) word aanbeveel.</p> <p>Laat 14 dae toe tussen laaste <b>PREVATHON® 5 SC</b> toediening en oes.</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS-HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>TAMATIES:</b></p> <p>Tamatievalslandmeter (larwes) <i>Chrysodeixis acuta</i></p> <p>Afrika bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p><b>LOOF-TOEDIENING:</b></p> <p>80mℓ/hL OF (800mℓ/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)</p>	<p><b>VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING:</b></p> <p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe in 500-1500 ℓ water per hektaar. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieël.</p> <p>Vir verlaagde spuitvolume gekonsentreerde toedienings met newelblaser dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> teen 'n dosis van 800 mℓ/ha in 'n minimum spuitvolume van 500 ℓ spuitmengsel per hektaar toe.</p> <p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe wanneer die eerste larwes opgemerk word – normaalweg om en by vrugset.</p> <p><b>Sien asb belangrike notas onder.</b></p>
<p><b>TAMATIES: (vervolg)</b></p> <p>Tamatie bladmyner mot (larwes) <i>Tuta absoluta</i></p> <p><b>NOTA:</b></p> <p>Tamatie bladmyner mot (<i>Tuta absoluta</i>) is 'n pes wat baie skade aanrig. Die hoof gasheer is tamaties en dit kan potensieel in al die Suid Afrikaanse produksieareas voorkom.</p>	<p><b>LOOF-TOEDIENING:</b></p> <p>80mℓ/hL</p> <p><b>OF</b></p> <p>(800mℓ/ha vir gekonsentreerde newelblaser toedienings)</p>	<p><b>VROEË KORREKTIEWE TOEDIENING:</b></p> <p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe in 500-1500 ℓ water per hektaar. Goeie bedekking van al die bogrondse dele is essensieël.</p> <p>Vir verlaagde spuitvolume gekonsentreerde toedienings met newelblaser dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> teen 'n dosis van 800 mℓ/ha in 'n minimum spuitvolume van 500 ℓ spuitmengsel per hektaar toe.</p> <p>Om die beste blaar en vrug beskerming te verseker, dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe gedurende eierlegging of wanneer die eerste skade op die jong blare opgemerk word.</p> <p><b>Sien asb belangrike notas onder.</b></p>

**BELANGRIKE NOTAS VIR DIE BEHEER VAN TAMATIEVALSLANDMETER, AFRIKA BOLWURM EN TAMATIE BLADMYNER MOT LARWES IN TAMATIES:**

- Gereelde inspeksie van tamatie lande is noodsaaklik ten einde die tydsberekening van die eerste, asook opvolgtoedienings, indien nodig, van **PREVATHON® 5 SC** vas te stel.
- **PREVATHON® 5 SC** kan in 'n 8 tot 14 dae spuitprogram gebruik word onder toestande van aanhoudende herinfestasië. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer die plante aktief groei.
- **PREVATHON® 5 SC** toegedien in 'n 7 dae spuitinterval program sal tot 'n vermindering van 50-80% van Amerikaanse bladmyner (*Liriomyza trifolii*) onder lae tot medium plaagdruk gee. **Wissel PREVATHON® 5 SC** onder hoë druk van Amerikaanse bladmyner af met 'n produk wat effektief en spesifiek teen die plaag geregistreer is.
- Dit is belangrik om nie 3 toedienings per seisoen met **PREVATHON® 5 SC** te oorskry nie. Die afwisseling van **PREVATHON® 5 SC** met middels met 'n verskillende wyse van werking) bv. **STEWARD® 150 EC**) word aanbeveel. Dien 2 toedienings **PREVATHON® 5 SC** opeenvolgens toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes (bv. **STEWARD® 150 EC**) oorgegaan word.
- Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur **PREVATHON® 5 SC** benadeel word nie.
- Die byvoeging van 'n benattingsmiddel bv. **Trend® 90, Villa 51, of Entree** teen geregistreerde dosisse spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter.
- Tamaties kan een dag na toediening ge-oes word.
- Moet nie 'n maksimum van 2400 mℓ/ha **PREVATHON® 5 SC** in totaliteit per seisoen in tamaties oorskry nie.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS-HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>TABAK:</b></p> <p>Tamatie bladmyner Mot <i>Tuta absoluta</i></p>	<p><b>DEURDRENK BEHANDELING TYDENS PLANT:</b></p> <p>0.12 ml per plant in 50 ml (uitplant water)</p> <p><b>OF</b></p> <p>24 ml / 10 ℓ water (200 plante kan behandel word met 50 ml / plant)</p>	<p><b>MOET NIE MEER AS 2 TOEDIENINGS PREVATHON® 5 SC PER SEISOEN MAAK NIE. GEBRUIK OF EEN DEURDRENK BEHANDELING, EEN DEURDRENK EN EEN BLAAR BESPUITING OF TWEE BLAARBESPUITINGS PER SEISOEN.</b></p> <p><b>1. <u>DEURDRENK TOEDIENING:</u></b></p> <p>Dien toe onmiddelik na uitplant in die veld gedurende die vestigingsfase van tabak. Plant grond moet by veldkapasiteit wees gedurende plant.</p> <p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe as 'n deurdrenkings behandeling teen 'n volume van 50 ml water per plant. Behandeling moet binne 1 (een) dag van uitplant geskied. Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie benadeel deur die toediening van <b>PREVATHON® 5 SC</b> nie.</p> <p><b>Die byvoeging van 'n buffer soos Bladbuff® word aanbeveel om die gehalte van die behandelingswater te verbeter. Gebruik die geregistreerde Bladbuff® konsentrasie benodig om die water pH te behandel.</b></p>
<p><b>TABAK:</b></p> <p>Tamatie bladmyner Mot <i>Tuta absoluta</i> <b>(vervolg)</b></p>	<p><b>DEURDRENK BEHANDELING TYDENS PLANT GEVOLG DEUR 'N BLAAR-BESPUITING:</b></p> <p><b><u>DEURDRENK TOEDIENING:</u></b></p> <p>0.12 ml per plant in 50 ml (uitplant water)</p> <p><b>OF</b></p> <p>24 ml / 10 ℓ water (200 plante kan behandel word met 50 ml / plant)</p>	<p><b>MOET NIE MEER AS 2 TOEDIENINGS PREVATHON® 5 SC PER SEISOEN MAAK NIE. GEBRUIK OF EEN DEURDRENK BEHANDELING, EEN DEURDRENK EN EEN BLAAR BESPUITING OF TWEE BLAARBESPUITINGS PER SEISOEN.</b></p> <p><b>2. <u>DEURDRENK + BLAARBESPUITING:</u></b></p> <p><b>A. <u>DEURDRENK</u> (Uitplant water behandeling):</b></p> <p>Dien toe onmiddelik na uitplant in die veld gedurende die vestigingsfase van tabak. Plant grond moet by veldkapasiteit wees gedurende plant.</p> <p>Dien <b>PREVATHON® 5 SC</b> toe as 'n deurdrenkings behandeling teen 'n volume van 50 ml water per plant. Behandeling moet binne 1 (een) dag van uitplant geskied. Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie benadeel deur die toediening van <b>PREVATHON® 5 SC</b> nie.</p> <p><b>Die byvoeging van 'n buffer soos Bladbuff® 7 of 12 word aanbeveel om die gehalte van die behandelingswater te verbeter. Gebruik die geregistreerde Bladbuff® 7 of 12 konsentrasie benodig om die water pH te behandel.</b></p>

<p><b>TABAK:</b></p> <p>Tamatie bladmyner Mot <i>Tuta absoluta</i> <b>(vervolg)</b></p>	<p><b>BLAAR-TOEDIENING:</b></p> <p>800 ml/ha</p>	<p><b><u>B. BLAARBESPUITING:</u></b></p> <p>Gebruik <b>PREVATHON® 5 SC</b> as 'n blaarbespuiting teen 250-300 l spuitmengsel per hektaar. Volg 'n voorkomende spuitprogram ten alle tye. Gebruik die <b>PREVATHON® 5 SC</b> blaartoediening ongeveer 4-5 weke na die <b>PREVATHON® 5 SC</b> deurdrenkings behandeling. Gebruik 'n korter interval onder toestande van hoë infestasië druk. Dien strooktoedienings oor die boonste gedeeltes van die plante toe om te verseker dat al die blare deeglik bedek is, veral die onderste derde van die plante, want dit is waar tabak bladmyner besmetting die ergste is. Moet nie meer as 2 <b>PREVATHON® 5 SC</b> toedienings per seisoen maak nie, volg daarna op met insekdoders met ander wyse van werking. Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie deur <b>PREVATHON® 5 SC</b> behandelings beïnvloed nie.</p> <p><b>Die byvoeging van 'n buffer soos Bladbuff® word aanbeveel om die gehalte van die behandelingswater te verbeter. Gebruik die geregistreerde Bladbuff® konsentrasie benodig om die water pH te behandel.</b></p>
<p><b>TABAK:</b></p> <p>Tamatie bladmyner Mot <i>Tuta absoluta</i> <b>(vervolg)</b></p>	<p><b>BLAAR-TOEDIENING:</b></p> <p>800 ml/ha</p>	<p><b><u>3. TWEE BLAARTOEDIENINGS:</u></b></p> <p>Gebruik <b>PREVATHON® 5 SC</b> as 'n blaarbespuiting teen 250-300 l spuitmengsel per hektaar. Volg 'n voorkomende spuitprogram ten alle tye. Dien beide blaarbespuitings as strooktoedienings oor die boonste gedeeltes van die plante toe om te verseker dat al die blare deeglik bedek is, veral die onderste derde van die plante, want dit is waar tabak bladmyner besmetting die ergste is. Verhoog die spuitvolume soos die plante groei. Moet nie meer as 2 <b>PREVATHON® 5 SC</b> toedienings per seisoen maak nie. Wend die twee <b>PREVATHON® 5 SC</b> blaartoedienings opvolgend toe (= blok toediening), en volg daarna op met insekdoders met ander wyse van werking. Die meeste voordelige insekte en roofmyte word nie deur <b>PREVATHON® 5 SC</b> behandelings beïnvloed nie.</p> <p><b>Die byvoeging van 'n buffer soos Bladbuff® word aanbeveel om die gehalte van die behandelingswater te verbeter. Gebruik die geregistreerde Bladbuff® konsentrasie benodig om die water pH te behandel.</b></p>

## **BELANGRIKE NOTAS OOR DIE BEHEER VAN TAMATIE BLADMYNER MOT OP TABAK:**

### **UITPLANTWATER BEHANDELING (GRONDDEURDRENKINGS):**

- Plantgrond moet by veldkapasiteit wees tydens uitplant van saailinge. Saailinge moet ook natgemaak word voor uitplant.
- **PREVATHON® 5 SC** moet in die wortelsone wees om effektiewe beheer van die teiken peste te verseker.
- **PREVATHON® 5 SC** is die mees doeltreffende wanneer dit in die wortelsone is - bestuur dus besproeiing sodanig dat beduidende hoeveelhede **PREVATHON® 5 SC** in die wortelsone beland waar dit die mees doeltreffendste is.
- Dien toe tydens uitplant teen 'n minimum van 50 ml van die behandelingsoplossing per saailing. Verseker die water volume is genoeg om die wortelsone deeglik te benat.
- Verwys na die Weerstandbestuur afdeling van hierdie etiket vir verdere leiding oor opvolg behandelings.

### **BLAARBESPUITINGS:**

- Gereelde verkenning van tabaklande is noodsaaklik om die tydsberekening van die eerste en daaropvolgende toedienings, indien nodig, te bepaal.
- Moet nie meer as 2 toedienings per seisoen in totaal van **PREVATHON® 5 SC** maak nie. Die afwisseling van **PREVATHON® 5 SC** met produkte met 'n ander wyse van werking (bv **STEWARD® 150 EC**) word aanbeveel. Dien 2 **PREVATHON® 5 SC** toedienings opeenvolgend toe (= blok toediening), voor jy oorgaan na produkte met ander wyses van werking bv **STEWARD® 150 EC**.
- Die meeste voordelige insekte word nie beïnvloed deur toedienings van **PREVATHON® 5 SC** nie.
- Die byvoeging van 'n buffer soos Bladbuff word aanbeveel om die gehalte van die water behandeling te verbeter. Gebruik die geregistreerde Bladbuff konsentrasie wat nodig is om die water pH te behandel.
- Tabak kan 28 dae na toediening van **PREVATHON® 5 SC** geoes word.

## **ERKENNING VAN GEREGISTREERDE PRODUKTE:**

- H & R Crop Oil (Reg. Nr. L6802, Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van H & R South Africa Sales (Pty) Ltd
- Break-Thru (Reg. Nr. L6764, Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van Evonik Degussa Africa (Pty) Ltd
- Entrée (Reg. Nr. L8055, Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van Miller Chemicals SA (Pty) Ltd
- Bladbuff 7 (Reg. Nr. L8121, Wet 36 van 1947) en Bladbuff 12 (Reg. Nr. L8201, Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produkte van Nulandis (Pty) Ltd.
- Villa 51 (Reg. Nr. L8050, Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produk van Villa Crop Protection (Pty) Ltd
- Trend® 90 (Reg. Nr. L8207, Wet 36 van 1947) en Steward® 150 EC (Reg. Nr. L8435, Wet 36 van 1947) is die geregistreerde produkte van FMC Chemicals (Pty) Ltd.